

Feesviering

So 'n ruk gelede kyk ons na 'n foto van ons seun se verjaarsdag destyds in die Oekraïene: Daar is 'n eenvoudige tafel in die klein las-en-pas-woonstelletjie. Die tafeldoek kom uit Suid-Afrika, want 'n wyse mens het ons vertel dat ons kinders bekende en geliefde voorwerpe in die huis met veiligheid en 'n tuiste sal assosieer.

Die tafeldoek is vol prentjies van huisies en blommetjies, en met die woorde: "Home sweet home".

Om die tafel sit die twee seuns. Een is net 'n jaar oud en die ander een is drie. Die gesiggies straal, want dit is 'n feesmaal. Voor elkeen is 'n bordjie met twee snye brood – vars witbrood met dik snye vleis. En langs elke bord staan 'n blik gaskoeldrank. In die middel van die verjaarsdagkind se sny brood is daar 'n brandende kersie wat nog doodgeblaas moet word.

Dit is 'n eenvoudige toneeltjie. Dit is selfs effens hartseer.

Maar dit is die gesiggies wat jou aandag trek. Dit is duidelik dat daar vir hulle niks armoedigs in hierdie prentjie is nie. Hulle sien nie dat die bordjies nie by mekaar pas nie, en dat die eetgoed nie duur is nie. Dat daar nie geskenke is nie.

Die kinders kyk na hulle ouers, hulle hoor hulle ouers se stemme. Vir hulle is dit 'n vreugdevolle geleentheid, en voor hulle oë staan daar niks minder nie as 'n feesmaal.

Vandag, 18 jaar later, maak ons ons weer vir 'n feesmaal gereed. Maar hierdie keer lyk dinge effens anders: Dit is 'n glansgeleentheid, kompleet met formele kleredrag, silwer- en glasversie-

rings, kos van 'n hoë gehalte, musikante en geskenke.

Dit is wêreldse verwyder van die destydse partytjie. Buiten die feit dat dit dieselfde vier mense is wat weer bymekaar is. En dat dit weer 'n feeftelike saamwees is.

Ons het geleer dat feesvier 'n vreugde is wat ons elke dag moet aangryp. Iets wat ons lewenslank moet najaag en koester. Daarom is dit ons raad aan ander mense:

- Gebruik elke moontlike geleentheid om fees te vier. Die lewe is 'n nimmer-eindigende gejaag; dit vlieg by ons verby. Daarby is ons geneig om net op die swarighede te fokus. Feesvieringe, daarenteen, steek weer die lig in troebel oë aan. En herstel jou vermoë om op dankbaarheid, waardering en liefde te fokus.
- Eenvoud en min geld verhoed nie 'n feesviering nie. Vreugde kos niks. En ouers moet weet dat hulle kinders juis hier kyk hoe hulle dit doen.
- Feesviering fokus altyd op 'n persoon. Daarom is Jesus se verjaarsdagfees op Hom gerig. Gebruik dus genoeg tyd om op Hom te fokus, om na te dink oor sy Wese en om Hom te dank vir wie Hy is.
- Die voorbereiding vir 'n fees vra baie energie en moeite. Wees wys! As jy min geld of min tyd het, fokus op eenvoud en 'n vreugdevolle hart. Moenie gespanne raak nie; dit bederf alles.
- Die grootste geskenk wat jy aan 'n ander mens kan gee, is om hom/haar opreg te waardeer en lief te hê – en om dit te sê. Skryf dus eerder 'n brief as wat jy 'n geskenk koop. Doen moeite hiermee, en vertrou God dat hierdie eenvoudige gebaar sy doel sal bereik. **LIG**



DEUR RIEKERT EN PIPPA BOTHA

Die huwelik is vir God belangrik. Daardie spesiale verhouding tussen man en vrou vra egter vir aandag, liefde en doelgerigte saamwerk. Rieker en Pippa Botha gee hier raad vir julle twee.

Om die tafel sit die twee seuns. Een is net 'n jaar oud en die ander een is drie. Die gesiggies straal, want dit is 'n feesmaal.

Ons het rede om te kan fees vier. Lees Jesaja 35:10.